# God help!

VOOR SKRIFLESING: Ons het verlede week gesien waarom **Ps 1** staan waar hy staan, al is dit nie die eerste psalm wat geskryf is nie. Netso is Psalms 122, 123 en 124 ook nie sonder rede in hierdie volgorde gerangskik nie. Ps 122 vertel ons van ‘n pelgrim wat sy reis met **groot ywer** begin het. In Ps 123 loop sake egter verkeerd en hoor ons die gebed van ‘n pelgrim wat in **groot nood** verkeer. Daarna volg Ps 124 wat ‘n **danklied** is van ‘n pelgrim vir verlossing wat net betyds opgedaag het. (BIP) Soos iemand hierdie psalm se inhoud **opgesom** het: *Daar is God. Daar is moeilikheid. Dis net God wat jou kan help wanneer jy in die moeilikheid is.*

LEES PSALM 124

**1. GOD IS ‘N MEDELYDENDE GOD**

STEL JOU VOOR:

Jy is **een van die Israeliete**, besig om voor Farao uit te vlug deur die Rooi See. Die water staan weerskante soos berge opgedam. Dit kan enige oomblik weer terugvloei. Gelukkig gebeur dit nie. Jy kom droogvoets anderkant aan! *(“weggespoel”)*
Of: Stel jou voor jy is ‘n **lid van Noag se gesin**. Die deur van die ark is agter julle toegemaak. Buite reën dit totdat alle mense en diere verdrink het. Maar JY is veilig in die skip! *(“vloed”)*
Of: Jy is **Jona**. Die matrose het jou uit die skip in die *skuimende* branders van die see gegooi. En asof dit nie genoeg is nie, sien jy ‘n groot vis op jou afswem. Sy bek is wyd oop. Hy sluk jou in … en gaan spoeg jou weer heelhuids op droë grond uit!
Of: Stel jou voor jy is **Paulus**. Jy is in die gevangenis. Dit voel vir jou asof die doodsvonnis klaar oor jou uitgespreek is. Jy is soos ‘n voël in ‘n *wip*. En dan gaan die tronkdeure oop. Jy word weer vrygelaat! (2 Kor 1:9)
*DAN sal jy seker ook Ps 124 uit volle bors wil saamsing!*

Soos wat die lede van die **Christelike Afhanklikheidsdiens** dit by elkeen van hul byeenkomste doen. Hulle is mense wat in die kloue van drank of dwelms vasgevang was, maar die Here het hulle daaruit bevry.

Dalk kan u ook **<u>uit eie ondervinding</u>** vertel van **noue ontkomings** in u eie lewe. U het miskien ternouernood aan **die dood** ontkom terwyl u *oppad* iewers heen was. ‘n Mens hoor soms van ‘n *misdadiger* wat

iemand wou skiet en toe wou die skoot gelukkig nie afgaan nie. Dalk het jy so amper ‘n **noodlottige besluit** geneem. Of dit was so byna of jy het jou gesondheid, finansies, huwelik, toekoms vir goed ruineer.
Ek het die week van **‘n kleuter** gehoor wat haarself in ‘n ou wasmasjien wat buite op die erf gestaan het, toegemaak het. Gelukkig het ander op haar afgekom en kon die brandweer haar betyds met groot moeite daaruit bevry.

Hier word die beeld van ‘n WIP waarin voëls gevang word, gebruik. Wie weet …? Wie het … gevang?
Mense voel baie keer hulle is ***ge-“trap”.*** Daar is nie uitkomkans nie. **Selfmoordsyfers** bevestig dit: daagliks 220 selfmoordpogings in SA waarvan 22 geslaagd is. (Die Burger 23/9/09 – lees verder)

Daarom het een van die **Beatles** se liedjies een van hulle grootste treffers geword, omdat dit juis hierdie behoefte van mense aangespreek het. Luister ’n bietjie na die liedjie se woorde:

*Help, I need somebody, Help, not just anybody,*
*Help, you know I need someone, help.*
*When I was younger, so much younger than today,*
*I never needed anybody’s help in any way.*

*But now these days are gone, I’m not so self assured,*
*Now I find I’ve changed my mind and opened up the doors.*

*Help me if you can, I’m feeling down*
*And I do appreciate you being round.*
*Help me, get my feet back on the ground,*
*Won’t you please, please help me?*

*And now my life has changed in oh so many ways,*
*My independence seems to vanish in the haze.*
*But every now and then I feel so insecure,*
*I know that I just need you like I’ve never done before.*

*Won’t you please, please help me, help me, help me, oh.*

Almal van ons wat **kinders van die Here** is, kan getuig van hoedat die Here ons uit die *wip van die sonde*, uit die *kloue van satan*, gered het. Dit is die **grootste nood** en die **grootste gevaar** waarin ‘n mens jou kan bevind. Jy of niemand anders, allermins die brandweer, kan jou daaruit red. *Die brandweer kan nie die vlamme van die hel blus nie!* Watter noue

ontkoming het die **moordenaar** aan die kruis nie gehad nie. Jesus het hom ter elfder ure gered! **Die kruis is soos** die Rooi See vir die Israeliete was, die ark vir Noag en sy familie, die vis vir Jona.
God het ons gered en ons vrygemaak. Die bande is los! Ons was vasgevang in die wip van die sonde en dood, maar Jesus het op Goeie Vrydag en Opstanding Sondag 33 n.C. vir ons uit daardie wip bevry.

God is 'n **medelydende God**. God help. Soos die psalmis getuig: *"Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het."* (:8)

**Dalk wonder u vanmore**: Hoekom help Hy dan nie vir MY nie? Of vir die of daardie een wat in 'n groot krisis verkeer nie? Dit bring ons by die vraag:

**2. HOE MOET ONS GOD SE HULP VERSTAAN?**

Eerstens is dit **nie almal** wat hulle op God se hulp kan beroep nie. As jy nie aan God se kant is nie, kan jy nie verwag Hy moet aan jou kant wees nie!
Tweedens beteken sy hulp nie dat Hy jou altyd **UIT die situasie** gaan bevry nie. Soms hoor ons verhale van mense wat wonderbaarlik gered is, ander kere hoor ons van mense wat ten spyte van hul geloof, aangeval en vermoor is. Dit bly 'n raaisel, maar God bepaal nie alles wat gebeur nie. Daar is dinge wat teen Sy wil gebeur. Bekendes het verlede week 1650 name van slagoffers van plaasaanvalle oor Solidariteit Radio uitgelees. Die aanvallers het geen genade getoon nie en die stories vertel ook nie van enige genadige ingryping nie. Paulus is self ook uiteindelik weer gevang en toe tog doodgemaak.
In sulke gevalle waar God nie ons omstandighede verander nie, bevry Hy ons nietemin IN die omstandighede. So maak Hy ons byvoorbeeld **vry van** angs en vrees, van wanhoop en bitterheid, van die mag van die Bose en van die ewige dood. Hy gee ons die **vrede** wat alle verstand te bowe gaan, **moed** om voort te gaan, **genade** om te kan vergewe, geloof om soos 'n **Habakuk** te kan sê: *"Nogtans sal ek jubel…"* Soos wat 'n ander bekende psalm (23) sê: Al gaan ons ook deur donker dieptes, is Hy nog altyd **by my**. Rom 8 verseker ons dat niks ons van Sy liefde kan **skei nie** – nie *"Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard"* nie (:35). In al hierdie omstandighede maak Hy ons *"meer as oorwinnaars"* (:37). Hy laat alles vir ons ***ten goede*** meewerk (:28).
**God help dus op meer as een manier.**
Baie maal **gebruik Hy mense** om ander in nood te help – soos Hy byvoorbeeld *Moses* gebruik het om die Israeliete te bevry. Hy wil *jou en my* ook gebruik. 'n Mens moet ook *nie passief* op uitkoms sit en wag nie.

*Noag* het jare aan die ark gebou. God kan selfs soos in Jona se geval, **diere** gebruik byvoorbeeld 'n hond of dolfyn of proefkonyne.
Dit wil ook nie sê dat wanneer God ons bevry het, ons ons nie **weer kan laat bind** nie. Dit is iets wat die lede van die CAD baie goed besef. Die dag wat hy weer sy lippe aan drank sit, begin die stryd weer van vooraf. **<u>Ons moet hierdie vryheid jaloers beskerm</u>**.

**Maar broer en suster, as kinders van die Here, as lede van sy verbondsvolk, mag u en ek weet**: Al voel my omstandighede hoe benoud; al is die nood in ons land en die wêreld hoe hoog, **daar IS hulp**. Dit is **van die Here** wat gister en vandag dieselfde is. Hy is die **Skeppergod** wat hemel en aarde gemaak het en die **Verlossergod** wat Israel uit Egipte en uit die ballingskap bevry het – teen alle menslike verwagtinge en moontlikhede in. Hy is die **Verlossergod** wat sy Seun gegee het om die wêreld van sonde te verlos – 'n magsdaad sonder weerga. Hy het **sy Gees** gegee as ons Helper, Trooster en Advokaat en maak ons *meer as oorwinnaars*. Hy **belowe** om die wêreld uiteindelik volkome te bevry van alle gevolge van die sondeval en nuut te maak.

**3. BELY DIT**
***"Dit moet Israel bely."*** Dit moet ons as volk van God (kerk) bely. Ons moet dit **nie vergeet** of **vir onsself hou** nie. Ons kinders en kleinkinders moet dit by ons hoor. Deur **erkentlik** te wees teenoor die Here vir sy reddingsdade, **eer** ons Hom en kry ons ook weer **moed** vir die pad vorentoe. Dit herinner ons aan ons eie **swakheid en afhanklikheid** en aan **waar ons hulp** vandaan kom, waar ons **heil** lê. <u>Dit lê NIE by</u> enigiets of iemand in die skepping nie, maar by die God wat hemel en aarde geskep het. Ons moet gedurig hieraan herinner word. Dit gebeur weekliks in **die erediens**.
Daarom, soos die Psalm beryming van Totius lui:

*"Ons wil o Heer wat redding skenk*
*aan al u goedheid bly gedenk*
*as ons tesaam is in u woning.*
*Net soos u Naam is, grote Koning.*
*So is u glansverskyning:*
*Die vyand se verdwyning …*

*En meld dit aan die jong geslag:*
*Die God is onse God en Hy*
*Sal tot die dood toe ons gelei."*
*(Ps 48:4,5)*
Amen. Sing Ps 124:1-3